

9 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 28

Fokusgedeelte: Matteus 28:18–20

Is jy 'n geloofstuisblyer of 'n geloofsreisiger?

'n Tuisblyer verkies om so min moontlik uit te gaan. Hy sal homself eerder tuis vermaak. In die gewone lewe is daar seker niks mee verkeerd nie. As ons egter geloofstuisblyers is, word ons ongehoorsaam aan die opdragte van die Here. Die Here beveel ons om uit te gaan en dissipels van al die nasies te maak.

Geloofstuisblyers is nie bereid om hulle ongehoorsame gedragspatrone te verander nie, hulle omstandighede en hulle tyd so in te span om uit te reik na ander buite die kerk nie. Hulle is gelowiges wat die versekeringe van Jesus Christus aan sy kerk nie ernstig opneem nie. Jesus Christus omarm in die gelese gedeelte sy opdragte met twee versekeringe. Die eerste versekering is dat Hy alle mag in hemel en op aarde besit. Die tweede is dat Hy met ons sal wees as ons hierdie opdragte in sy Naam uitvoer. Hy is nie net geweldig sterk nie, maar Hy sal ook sy krag en vermoë met ons deel.

Ons moet ons Koning se opdrag ernstig opneem. Ons doen dit as ons geloofsreisigers word. Dan is ek bereid om uit te reik na hulle wat ver en naby is, na my maats, na ander wat saam met my werk, na my bure, huishulp of tuinier, na inwoners in die townships en ander hoër op in Afrika. As geloofsreisigers moet ons ander in God se genade laat deel. Ons moet hulle doop sodat hulle die genadebeloftes van God kan ontvang binne die gemeenskap van die heiliges. Ons moet hulle ook leer om dankbaar uit hierdie genade te gaan leef. Ons moet hulle verder aanspoor om geloofswerke voort te bring.

Wat staan ons te doen as ons geloofsreisigers wil wees? Ons moet uit ons gemaksones tuis en in die gemeente na hulle toe beweeg wat nie glo nie. Ons moet nie wag dat ongelowiges eers na ons toe moet kom nie! Word bemoedig deur die versekeringe wat ons Here aan ons gee en laat die Gees jou toerus vir hierdie wonderlike roeping.

Sing: Psalm 9:1,8 (Nuwe Beryming Psalm 9:1,6) Ds HG Schutte (Krugersdorp–Oos)